



Ki-Deo Nuusbrieff



Kontakbesonderhede:

Tel: 012 644-2524

Sel: 083 696 8600

E-pos:

theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

Facebook: Ki-Deo

Gaan like ons asb en bly op hoogte van al ons daaglikse nuus!

Belangrike Nommers:

NPO reg no.: 000-762

WO no.: 11 02 0059

PBO.: 18/11/13/1456

BEE Status: 82%

Ons is 'n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir belasting-doeleindes!

Nuwe Bankbesonderhede is soos volg:

ABSA: Ki-Deo

Rek: Tjek

Rek no.: 4087665914

Verw.: Indien vir iets spesifieks

E-pos bewys na: theresag@ki-deo.co.za

Ons Getuienis vir 2015

Ons het aan die einde van 'n baie besige jaar gekom, so positief die jaar begin maar moes leer om gestewel met Jesus se hand in ons s'n 2015 te kon stap.

Was daar soveel uitdagings, maar kan ons net getuig van hoe die Here vir ons deurgekom het en wonderlike omgee hartmense ons padlans gestuur het wat saam met ons die bulle uitgeloop het!



Monique is gediagnoseer met 'n nierprobleem en was sy vir

17 dae in die hospitaal en opgeneem met nierversaking, infeksie en hoë bloeddruk. Dit gaan tans goed met haar, haar bloeddruk is onder beheer en gaan sy gereeld vir opvolg besoeke. Ons moet haar maar goed dophou en vertrou die Here dat sy nie weer 'n insinking sal beleef nie!

Shawn het wonderlik her-



stel na sy nood blinde-dermoperasie en was dit nie vir Dr Estelle Mocke en Unitas Hospitaal nie, sou Shawn nie vandag nog saam met ons gewees het nie! Ons het oor hierdie tydperk 'n verhouding kon bou met Dr Robert Jordaan van Unitas Hospitaal en het hulle nou al talle kere gehelp waar hulle kon.

Ons het die wonderlikste dokter, 'n groot dankie aan Dr Estelle Mocke wat altyd daar is vir ons, vir haar omgee en bereidwilligheid om altyd te help en raad te gee, en stap sy werklik die ekstra pad vir elke kind van ons.

Ons grootste dankie is aan ons Groot Geneesheer wie aan die stuur is en hierdie wonderlike mense ons padlans gestuur het om te kan help toe ek moedeloos was, maar dat Hy ook die groot genesingswerk in Shawn en Monique se lewens gedoen het! Aan Hom al die ere!

Die ander groot geloofsaak was die Quantum bussie wat 'n groot noodsaaklikheid geword het, maar ai tog, so duur en waar kry mens die finansies wanneer mens nie eens aldag subsidie kry nie! Ons het hier geleer wat werklike geloof is en dat mens nooit moed opgee nie, dat met ons oë gevestig op Jesus, al woed die storms om ons, kan en mag ons steeds onwrikbaar bly glo en vertrou en het die Here wonderlike mense en besighede ons padlans gestuur sodat ons die bussie met groot afslag van TWK Toyota Standerton kon koop! 'n Groot dankie aan almal wat dit vir ons



help moontlik maak het, ons ry nou behoorlik in styl en kan almal veilig en gemaklik sit!

Ons 6de Prefek!

As ek na hierdie hartkinders van my kyk, kan my hart net swel van trots, hulle kom uit sulke seer omstandighede, tog is hulle die kinders wat aanhou, uithou en nooit moed opgee nie! Is ons so bevoorreg om elkeen van hulle te kan sien ontwikkel, groei en uitstyg en sukses

in die lewe behaal!



reg gehad het om haar lei-

Lucia is gekies as leier vir volgende jaar en was dit vir my 'n groot knop in die keel oomblik toe ek die voorreg gehad het om haar lei-

ersbalkie te kon aanspeld! Sy was maar 5jr oud en bitter klein toe sy in ons sorg geplaas is en kon ons vir 7jr die pad van genesing saam met haar journey en is ons geweldig trots op hierdie hartkind van ons en vir dit wat sy sover bereik het!



Ons Tukkies Studente

Ons het die jaar twee Tukkies studente wat tans Onderwys studeer. Fransisca is nie meer deel van ons projek nie aangesien sy by iemand anders bly, maar gaan dit goed met haar!

Monique bly nog by ons en is nog deel van ons Ki-Deo familie en is ons nogsteeds verantwoordelik vir haar. Ongelukkig het sy en Fransisca nie verlede jaar die Funza beurs gekry nie en moes ons hulle inderhaas terugtrek huis toe, aangesien hulle toe nie langer in die koshuis kon bly nie. Maar ons is so dankbaar dat Fransisca reeds verlede jaar kon begin studeer met 'n Atterbury Beurs en dat Monique van volgende jaar af ook met die beurs verder gaan studeer. Dankie aan die Joemf Trust, Doxa Deo en sponsers wat dit hierdie jaar moontlik gemaak het sodat Monique haar eerste jaar kon

voltooi. Sy het tot dusver ongelooflik goed gedoen en is sy 'n harde werker wat alles insit om sukses te kan behaal! Sy skryf Vrydag haar eerste eksamenpak, bid asb vir haar!

Die grootste uitdaging wat ons op die oomblik het is vervoer vir haar, ek vervoer haar elke dag Tukkies toe en terug en is die Gautrein ongelukkig nie 'n opsie nie. Indien enigeen dalk weet van nog studente wat Groenkloof kampus toe ry, en moontlik kan help met vervoer vir haar, sal dit baie waardeer word. An darsins wil ons dalk uitkyk vir 'n bromponie wat haar net meer onafhanklik sal maak.

Tussen hospitale en ander verantwoordelikhede was dit maar moeilik en moes sy baie keer, baie lank vir my gesit en wag het! Haar beurs sluit ongelukkig nie koshuisverblyf in nie, dus moet sy by ons aanbly.

Haar ma bly in die Kaap en wil sy baie graag gedurende die Desember vakansie vir haar gaan kuier. Sy is bereid om met die Interkaap Sleepliner Kaap toe en terug te gaan, maar het ons ongelukkig nie die finansies om haar hiermee te kan help nie.

Indien enigeen bereid is om haar te sponser hiermee, kontak my asb. Sy wil graag 11/12 Desember vertrek en dan weer terug op 29 Desember. Sy moet vroeg Januarie begin met prakties by 'n Kleuterskool en moet dus betyds terug wees.

Kontak my asb by theresag@ki-deo.co.za of 083 696 8600.

Die anderkant van ons storie

Ki-Deo is 'n permanente huis vir getraumatiseerde kinders, kinders wat verwyders is uit hul ouers se sorg, wat soveel dinge moes sien en beleef wat normale kinders nog nooit gesien of beleef het nie. Wat honger ken en bang verstaan!

Op 'n daaglikse basis werk ons dan met stukkende kinders, maar ook kinders wat al geleer het om gevoelens weg te steek, om die seer weg te steek, om braaf te kan bly, maar wat so graag net 'n normale kind wil wees! Iemand wat aanvaar wil word vir wie hy of sy ookal is, want soveel van hulle is deur soveel

verwerping en seer, wat hulle so dikwels moes ervaar, en maak dit dat hulle bitter moeilik mense ver-trou. Baie keer sal dit lyk of dit goed gaan en skielik sal iets gebeur en dan ruk dit die rofies van die seer af en moet ons maar weer van vooraf begin. Maar sal hulle altyd sterker terug baklei en altyd, al is dit met traantjies in die oë, met 'n glim-lag! Die groot hartseer vir my is, dat daar geen memories is van kleintyd, die onthou-jy-nog's, of die fun dinge wat hulle gedoen het as gesin nie.

Ken hulle nie familie nie, onthou hulle nie hoe hul ouers lyk nie, weet hulle nie waar hulle gebore is nie, en so kan die lysies aanhou! Dit is waarom ons by Ki-Deo vir hulle geleentheid gee om te kan droom, om groot te kan droom, om te kan weet dat ek tot alles in staat is deur Jesus Christus wat my die krag gee, dat aanhouer wen en deur harde werk kan ek baie vermag. Maar skep ons ook die lekker geleentheid van wegnaweke en vakansies, om stress te ontlaai maar ook om memories te bou. Dit is so belangrik want nou het hulle ook 'n storie om te kan vertel en het hulle nou hul eie "groter" familie!

'n Briefie van Helen

My naam is Helen en ek is al 10jaar in Ki-deo kindershuis. Ek weet nie waar om te begin nie maar kan net sê dat ek so gelukkig is om in 'n huis te wees waar daar soveel liefde en omgee is en maak nie saak hoe baie foute ek al gemaak het nie dat die liefde wat my ouers "Theresa & Hein" vir my het is ombeskryflik. Ek het dit al so baie gesê en ek sê dit weer, Ki-deo kindershuis is nie in kindershuis nie dis my huis die huis waar my ouers bly en waar hulle vir my soveel geleentheid aangebied het en vir my soveel plekke laat sien wat so baie kinders nooit sal sien nie. Dankie vir 10jaar van pret en saam met my staan deur donker tye en net daar is vir my ...ek sê dit dalk te min maar ek is so dankbaar vir alles wat daar vir my gedoen word

Liede julle dogter♥

Kersfees is om die draai!



Elke jaar is daar mense wat graag ietsie vir ons kinders vir Kersfees wil gee en is daar maar altyd lysies en die kleiner kinders wat

nog wil glo aan 'n kersvader!

Verlede jaar het ons iemand gehad wat ons gekontak het vir geskenkies en was Kameshinie nog net meer as 'n maand by ons en het sy ook haar

lysie gehad van wat sy so graag sou wou hê. Dit was toe ook presies wat die mense vir haar gekoop het, 'n Baby Born pop! Ek wens julle was daar om die gesiggie te kon sien. Ek en Hein kon net na mekaar kyk met yslike knoppe in ons kele, so dankbaar vir mense wat hul harte vir ons kinders oopgemaak het en vir blykskap op 'n dogtertjie se gesig vir haar eerste pop!

Graag gee ek die kinders se name sowel as ouderdomme deur vir diegene wat op welke manier ookal 'n bydrae wil maak:

Kameshinie (dogter) 8jr

Lisa (dogter) - 11jr
 Lucia (dogter) - 12jr
 Monique (dogter) - 13jr
 Madelein (dogter) - 13jr
 Danell (dogter) - 14jr
 Brandon (seun) - 15jr
 Shawn (seun) - 15jr
 Angelo (seun) - 17jr
 Helen (dogter) - 18jr
 Monique (dogter) - 19 jr (Student)

Finansiële Ondersteuning

Die afgelope 2jr was maar moeilike tye met subsidies wat nie gereeld ontvang word nie en sal ons moet begin om fondse te genereer en om mense te kry wat kan inkoop by Ki-Deo om elke maand se begroting te laat klop. Huidiglik hardloop ons met 'n R20 000 per maand tekort en kan ons dit op verskillende maniere opmaak.

1. Mense wat help met maandelikse kruideniersware, lysies

kan gegee word aan diegene wat sou belangstel.

2. Help met maandelikse toiletware.
3. Help met chroniese medikasie vir kinders wat uiters duur is.
4. Help om terapeute te betaal.
5. Sponsors vir kinders se haarsnye.
6. Adopt a child en ek laat weet

wat die spesifieke kind nodig het soos bv, skoolskoene, tekkies, ens. Hier kan selgroepe betrokke raak en help in 'n kind se basiese behoeftes.

7. Maandelikse kontant bydraes wat help om ons begroting te laat klop, bv krag en water, instandhouding, ens.

Dankie

Daar is soveel mense vir wie ons altyd dankie wil sê, mense wat al vir jare by ons betrokke is, ander wat onlangs betrokke geraak het, maar almal mense met 'n hart vir ons kinders!

Ek wil eerder nie name noem nie, maar uit my hart uit wil ek 'n groot dankie sê vir elkeen, vir al jul liefde, omgee en bereidwilligheid om altyd te help. Sonder elkeen van julle sou ek dit beslis nie kon doen nie!

Dankie aan Willie Koen en Corlette Calitz van ons komitee wat altyd 'n geduldige oor het, wat vir ons in-

staan en verstaan en vir jul ondersteuning deur die jaar, dat ek mag afpak by julle maar ook vir al jul liefde en bystand, waardeur julle regtig baie!

Aan elke "Vriend van Ki-Deo", dankie vir julle daarwees, hulp met huiswerk, bederfies, gebed, ondersteuning, hetsy finansieel of op watter gebied ookal, sonder julle sou ek dit beslis nie kon doen nie.

Mag julle 'n wonderlike geseënde tyd saam met jul familie oor die feesseisoen beleef en net lekker rus.

Aan my manlief en eie kinders, so

dankbaar ook vir julle daarwees vir my, dat julle bereid is om my te deel, weet dat dit nie altyd maklik is vir julle nie! Maar dat julle ook Pa, broers en suster vir hierdie hartkinders van ons geword het!

Aan al my hartkinders, love you to bits en leer ek soveel van julle! Dankie vir jul vertrouwe in my en dat ek jul ander Ma mag wees!

Groetnis tot volgende jaar!

Theresa



Ki-Deo is a home for traumatised and abused children who were removed from their parents' care.



WHO WE ARE

Ki-Deo provides a stable home environment for children who had been taken away from their parents care. These children had been removed with a court order by the AFM Welfare and placed in our care at Ki-Deo. It is a satellite children's home (now called Child and Youth Care Centres) from the AFM Welfare and our children are represented by all the different ethnic groups and the ages vary from 7 to 19 years. This is now a permanent residence for these children and they will only leave the house after they matriculated or at the end of their studies.

The involvement of an astute partner in child care like the AFM Executive Welfare Council assured us of lessons learned being implemented. One of the most valuable lessons learned is that children should not be institutionalised (place in large hostels) but rather cared for by a dedicated group of parents, friends and community members. Giving these children a stable environment to complete their adolescent years in where they can receive the right guidance with regard to ethics, personal values and careers, will result sending well-adjusted young adults into the society. At Ki-Deo we provide quality accommodation in small, family size unit that doesn't label the child as an institutionalised child. Ki-Deo also aims to provide health care rendered by medical professionals, therapeutic counselling, schooling, relaxation & cultural activities to the children.

Our dream is to raise these children as normal children and to give them opportunities which they never had before. We depend on people, organizations and the community to help us to make this possible.

